

Stappie

NUUSBRIEF VAN DIE ATLETE VIR CHRISTUS

BLOUVLEIWEG 56, WELLINGTON 7655

JAARGANG 18, NOMMER 3

OKTOBER 2011

Baas van die Bos

Anina Botha (P09) is onlangs verkies tot SR-Voorsitter op die Matiekampus vir die 2011/2012 termyn. Sy is die tweede Atleet wat SR-Voorsitter word. Die eerste was prof **Deon Rossouw (A78,79,80,81)** vir die 1982/1983-termyn. In sy laaste toerjaar was Deon ook leier van *Atlete vir Christus*.



Anina was in 2010/2011 ook op die SR met portefeuljes Sport en Leierskapontwikkeling. Sy het ook in die Uitvoerende Komitee van die SR en die SR se Beleidsenheid gedien. In 2009/2010 was sy op Nerina se Huiskomitee.

Anina het daarby onder andere die werkwinkel vir *SAASTA* (South African Agency for Science and Technology Advancement), *Young Communicator Awards*, *MUNSA* fasiliteer, en die *Model of United Nations Stellenbosch Conference* met *UNASA* (United Nations Association of South

Africa) georganiseer.

Anina is al van skool af betrokke by die debat, het al verskeie kompetisies gewen en word gereeld genooi om kompetisies landwyd te beoordeel.

Teena Meyer (S09) wat saam met Anina getoer het, het aan **Stappie** vertel dat Anina 'n groot aanhanger van die sanggroep was, maar dat haar persoonlikheid en liefde vir knus tot gevolg gehad dat sy as persoonlike werker saamgetoer het. Anina is 'n spontane mens wat altyd glimlag en bystaan met 'n bemoedigende woord of gepaste grappie vir enige geleentheid. Sy is nederig, lojaal en opreg. Dit maak nie saak wat sy aanpak, of watter taak aan haar gegee word nie, 'n mens kan altyd die beste van haar verwag en weet dat sy 'n sukses daarvan sal maak. Alhoewel sy geneig is om gereeld haar selfoon en ander persoonlike besittings te verlê,

kry sy dit nog steeds reg om gebalanseerd en relatief georganiseerd al haar pligte – vriendskaplik, akademies en ekstrakurrikulêr – na te kom.

Teena sê die woord *filantroop* duik by haar op wanneer sy aan Anina dink. Haar passie vir mense is aansteeklik, en waar sy kan, is sy aktief betrokke by sake wat die algemene opheffing van die samelewing tot gevolg het. “Ek dink aan stories waar sy onlangs aan Helen Zille se sy deelgeneem het aan 'n optog teen die ‘Secrecy Bill’. Anina se passie vir ontwikkeling, leierskap en veral kritiese denke maak van haar 'n unieke leier, Christen en vriendin.”

Knusbus sterwe!



Die glorieryke en warm tradisie van Knusbus, oftewel Kleinboet, het met vanjaar se toer “gesterwe”, want die toer is vanjaar met twee Sprinters aangepak. Die volk is tussen die twee Boetas verdeel.

Die twee voertuie is gratis tot Atlete se beskikking gestel deur die vervoermaatskappy van Slabbert Burger op Wellington. (Diegene wat gereeld op die langpad is, het verseker al Slabbert Burger se groot vragmotors opgemerk).

Gedurende die nagskofte moes die lede wat op die “atlete-bus” was, ook maar vroeg opstaan.



Die tweekamp-wêreldkampioenskap vir 2011 is van 24-25 September in Gijón, Spanje, gehou. Twee oud-Athlete het daaraan deelgeneem: **Carlo Botha** (A03,04) en **Eddie van den Heever** (A97). Carlo het in die ouderdomsgroep 25-29 meegeding, terwyl Eddie vir die 35-39 jariges ingeskryf was. Carlo het sy eerste wedloop in 37:42 voltooi. Op die fiets was sy tyd 1:05:29, en die tweede been van die hardloopskof is in 18:59 voltooi. Sy algehele tyd was 2:05:15 wat hom in die 30ste plek geplaas het. Eddie het 41:55 vir die eerste skof, 1:05:27 op die fiets en 21:43 met die tweede skof behaal. Sy wedrentyd was 2:12:37 wat hom die 55ste plek besorg het.



Carlo en Eddie by die wêreldkampioenskap

Kosbare koue

“Wat ’n voorreg het ek gehad om as oud-Athleet die span van 2011 in Cradock te ontvang en net vir ’n dag of twee weer soos ’n spanmaat te voel!” vertel die opgewonde **Irené Howard** (S09,10). Sy was ook verlede jaar die leidster van die span.



“Toe hulle in die dorp stop, peul die groep raserige studente uit ’n aansienlik kleiner ouboet – lekker knus! Ek kon soos altyd ’n tonnelljie saam met die span maak om die leier in die dorp te verwelkom.

“Ná al my afwagting is al die gasouers voorgestel en is almal na hulle blyplekke. Ek en my gaskind, Madelé, het rustig gekuier en gesels en ek is op datum gebring van al die heerlike en vermaaklike fabeltjies tot dusver.

“Sondagoggend het die die ryp spierwit gelê. Tog was almal betyds by die kerk. Die diens is deur die toerpa ds GP Kellerman gelei, aangesien die Moeder-gemeente se nuutberoepte dominee nog nie ingetrek het

Cradock kuier

nie – Athlete was dus met hulle besoek ’n *blessing in disguise* vir Cradock. Daar is sommer ook drie babatjies gedoop. Die liedere wat die sanggroep soos engele gesing het, het die diens mooi saamgebind en laat vloei.

“Ná oordadige middagetes is ons almal na die jeug-gevangenis toe waar die kapelaan optredes soos wat Athlete vir Christus aanbied verwelkom. Wat ’n voorreg om nog ’n tronkbesoek te kon doen! Net soos die eerste keer wat ek met die gevangenishef gepraat het, is ons hartlik ontvang. Selfs die bewaarders is aangeraak deur die getuienis en sang wat tot teen die koppie agter die gevangensismure getrek het – ’n onbeskryflike en *humbling* ervaring.

“Asof ons nog nie genoeg geëet het nie, is daar ná die tyd twee reuse potte sop, vars brood en hoender-vlerkies by die Venters (**Balpie**, A10,11) se huis voorberei waar daar geklets, gelag, Idols-gekyk en *pool* gespeel is tot wie weet watter tyd. Een ding is seker, die studente het baie energie! Ek en Madelé is vroeg huis toe en in die bed sodat sy krag het vir die laaste week.

“Maandagoggend is die laaste sieke eers dokter toe geneem, waarna die span *Dankie* gesing het (so vreemd om nie saam te sing nie). ’n Wonderlike naweek met ou en nuwe vriende wat nie gou vergeet sal word nie.

Kerkleier

Ds **Nelis van Rensburg** (A78,79) is by die pasafgelope sitting van die Algemene Sinode van die NG Kerk tot die moderatuur verkies. Hy is vroeër by die Kaapse Sinode as assessor (ondervoorsitter) gekies. Nelis is tans predikant van Welgemoed. Sy vrou **Aletta** was ook ’n Athleet (S79,80)



Laat van jou hoor

Laat gerus van jou hoor. Vertel van die dinge waarmee jy besig is of van herinnerings uit die tyd toe jy getoer het. Of as jy weet van ander oud-Athlete se doen en late moet jy verseker vir ons daarvan laat weet.

As jy in die komende dae ander Athlete raakloop, moet jy by hulle hoor of hulle hierdie **Stappie** gekry het. Daar is nog ’n hele aantal oud-Athlete waarvan ons nie die epos-adsres het nie. Stuur dan asseblief vir ons die nodige inligting aan. Baie dankie.

Atlete en my mindshift

Oor die toer het **Stefaan Swarts** (S09,A11) vertel dat daar baie dinge is wat 'n mens kan wysword uit 'n toer: Hoe sterk God die menslike liggaam maak het om so ver te kan hardloop sonder om vroeg genoeg te begin fiks word. Watter lekker tydverdryf klipgooi langs die pad is. Hoe lekker dit is om maar so af en toe 'n platoniese knus te hê. "In 2009 het *Atlete vir Christus* my geleer om werklik te probeer luister na wat God vir my wil sê. Vanjaar was die een ding wat my aangegryp het, en waaraan ek vir die res van my lewe wil



bly vasklou, doodeenvoudig om in liefde te lewe. Dis mos maar eenvoudig, nie waar nie: jou naaste liefhê soos jouself? Daar word gesê dat as iemand jou irriteer, dan lê die fout by jou. Hiermee stem ek heeltemal saam. Wat toe vir my 'n saak van erns raak, is hoe vinnig sommige mense of gebeurtenisse op toer my irriteer het.

"Dit is natuurlik nou nie dieselfde as om iets te sien wat 'in disharmonie' is, en dit dan te probeer help herstel nie. Baiekeer vind ek myself besig om selfsugtig op te tree of om selfsugtig te wil wees en redeneer dan dat die ander party se optrede dit op die een manier of die ander regverdig. Of net om iemand te probeer help om ontslae te raak van die negatiewe

ervaring waardeur ek gaan uit iemand anders se optrede/omstandighede – 'n so te sê *quick fix* dat my gewete net kan rus. Op die einde van die dag kan 'n mens nie in liefde leef as dit uit 'n selfsugtige oorsprong kom nie. Dit is die *mindshift* wat ek moes maak: 'n selfkritiese benadering oor die motivering agter my aksies – doen ek dit uit selfsug, of uit liefde? Aanvanklik was dit verskriklik toe ek besef het hoe selfsugtig ek in my motivering was. Dit is nog steeds 'n deurlopende proses waardeur ek myself opnuut verbaas oor hoe kleinlik 'n mens kan optree.

"Ek soek en kry toe die volgende versies wat die storie mooi opsom: *Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.* (Filippense 2:3). *Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie.* (Jakobus 3:14).

Nuwe toerleier

"Ek dink nie daar is 'n verrykender ervaring as om jou tyd en energie aan te wend tot 'n groter doel en die werke van ons almagtige Skepper nie." Aan die woord is volgende jaar se toerleier, **Hentie Smit** (A11).



"So baie mense in vandag se tyd leef met 'n geestelike armoede en ken nie vir God soos wat die meeste van ons as vanselfsprekend ervaar nie. Die lewende God is in almal van ons se harte en dis die verantwoordelikheid van mense om die evangelieboodskap te versprei in plekke waar daar nie elke dag 'n kanaal daarvoor is nie – tot my verbasing was dit ook die plek waar ek Sy teenwoordigheid die meeste gevind het. Dit was vir my 'n groot voorreg en belewenis om te kon deel in *Atlete 2011* se ervarings. Die woorde van ons lied, "Vriendskapsbande gesmee in God se hande wat goud en silwer in waarde oorskry" dra verseker baie betekenis en was vir my die kern van *Atlete vir Christus 2011*. Dit stel ook 'n hoër standaard vir 2012 se beplanning wat vir my voorlê. Ek sien baie uit en kan verseker weet dat volgende jaar se groep al klaar deur God gekies is en dat dit 'n ervaring gaan wees wat alle perke oorskry."

Slakkepos: Stappie, Blouvlieweg 56, Wellington 7655

Telefoon (H): 021 873 2768

Telefoon (S): 079 524 4541

Epos: diebolle@patat.co.za

Koddige mannetjie

“Toe ek onlangs tannie Bol se foto-album van onder andere my drie Atletetoere onder oë kry, begin my gedagtes wye vrye draaie terugloop. Veral omdat ’n koddige man met oordrewe gesigsuitdrukings en belaglike uitrustings die blaaie van die album domineer. En dan is sy naam nog *Bol* ook!” skryf **Deon Meyer** (A77,78,79) (*In daardie dae is oom Bol telkens deur die volk opgedress vir die lees van die Joernaal – Red.*)

“Ek het oom Bol tydens my eerste voortoerkamp ontmoet en ná vyf minute was my gewaarwording: *Genade! Drie weke saam met hierdie simpel man in een bus! Kan ’n mens nog onttrek?*

“Die koddige en oordrewe en belaglike het egter kort daarna ernstig begin sin maak toe ’n mentor stadig uit die newels verskyn het by wie jy diep kon gesels en leer. Ek meen diep!

“Dis nou baie jare later (werk maar self uit). Al drie my kinders was/is ook Atletes. As ons nou saam lekker



Deon (regs agter) saam met sy gesin. Langs Deon staan Marnu (S11), en voor is Jana (P10,11), Teena (S09) en Deon se vrou Sonja

Atlete-stories gesels, praat ons hospitaaltje, optredes, dubbelbedstories, alles ... totdat ek die gesprek oorvat met Oom Bol-stukke!

“Oom Bol, op jou ‘simpel’ manier het jy diep in die harte van baie Atletes ingekruip – beslis ook in myne! In jôu hart moes jy ook nog baie student gewees het, want wraggies, jy’t ons koppe se tik verstaan. Jou onortodokse styl het baie gewigtige kwessies opgelos en die ligter kant uitgelig – soveel so dat ek baiekeer ná ’n geselsie gewonder het wat my eintlike probleem was.

“En ek sien weer daai groot blougroen weduwee-se-koffiefles die rondte doen om die witkoue oggende in die Karoo- effens te troef.

“Dankie vir die Bybelstudies wat jy ons laat beleef het. Ek verstaan nou nog dat die Verbond beteken dat *God vir ons ’n God wil wees, en ons vir hom ’n volk moet wees!* Wow!

“En jou onblusbare energie? Waarop wás jy? Ek salueer jou vir die totale onselfsugtige manier waarop jy almal dag na dag betrokke gehou het, jouself voorberei het vir vanaand se boodskappie, bereid was om belaglike uitrustings aan te trek om ’n lag te ontlok, gemoedere wat prut gesense en afgekoel het en altyd die gees op die toer gebalanseer het. O ja, en gemaak het of jy nie weet wat soms in die Knusbus gebeur het nie! Ek weet jy’t jou energie van God afgebid, maar die resultaat het my soms die idee gegee jy’s een van sy witbroodjies, want jy’t die oormaat ontvang!

“Baie dankie vir die Atletes-kultuur wat jy gevestig het. My kinders se reaksie op bogenoemde foto-album is dat alles nog dieselfde is, dis net die klere/uniforms wat (gelukkig! – volgens hulle) verander het!

“En dat jy dit nou nog (steeds onbaatsugtig) voortbou met jou Atletes-argiewe en -rekords en STAPPIE! Het jy al ’n opvolger?

“En tannie Bol, dankie dat jy hom vir ons gegun het om ons lewe te verryk.

“Mag ek (met baie respek) die *aHoe* net tydelik verander tot ’n aardse *aboe* – *aan Bol ook eer!*



Vanjaar se leiers, Madelê du Plessis en Arnold Botha, saam met die toerpa, Giepie Kellerman, aan die einde van die toer



Vanjaar se toer het op Vleesbaai klaargemaak

Voorlopige roete vir 2012

Hentie en Jana, volgende jaar se toerleiers, het die voorlopige toeroete vir 2012 bekendgemaak. Daarvolgens gaan die span 1 852 km in die drie weke aflê. Die toer begin in Pongola en eindig op Calvinia. Die langste skof is net minder as 16 km en die kortste net minder as 5 km (maar, bygesê, dit is daardie dag bo-oor die Drakensberg van Natal na die Vrystaat toe).

1	Ma	2 Julie	Pongola		Louwsburg	
2	Di	3 Julie	Louwsburg		Vryheid	63.4
3	Wo	4 Julie	Vryheid	Dundee	Newcastle	143
4	Do	5 Julie	Newcastle		Memel	49
5	Vr	6 Julie	Memel	Warden	Reitz	146
6	Sa	7 Julie	Reitz	Bethlehem	Senekal	123
Week 1 Totaal:						596.5
7	Ma	9 Julie	Senekal	Marquard	Winburg	96.7
8	Di	10 Julie	Winburg	Brandfort	Bloemfontein	118
9	Wo	11 Julie	Bloemfontein		Petrusburg	83.4
10	Do	12 Julie	Petrusburg	Jacobsdal	Kimberley	137
11	Vr	13 Julie	Kimberley	Campbell	Griquastad	152
12	Sa	14 Julie	Griquastad		Groblershoop	138
Week 2 Totaal:						725.1
13	Ma	16 Julie	Groblershoop	Upington	Keimoes	159
14	Di	17 Julie	Keimoes		Kenhardt	78.5
15	Wo	18 Julie	Kenhardt		Brandvlei	143
16	Do	19 Julie	Brandvlei		Calvinia	150
Week 3 Totaal:						530.5

Toertotaal 1852,1 km

Gemiddelde afstand oper atleet per dag 11,6 km

Beleggingspitsberaad

Deon Vernooy (A80,81,82 en leier in sy laaste toerjaar), die senior uitvoerende beampte van die Emirate NBD Batebestuur, bied van 5-8 Maart 2012 in Dubai by 'n Midde-Oosterse beleggingspitsberaad 'n seminaar aan oor innovasie en strategie vir fondse en beleggers.

Deon het 'n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van die batebestuurseenheid van die Emirate NBD, en is verantwoordelik vir die daarstelling en bestuur van beleggingsprodukte. Sedert die skepping van hierdie kantoor in 2004 het hy gesorg dat die eenheid uitgebou word tot een van die grootste batebestuursagentskappe in die Midde-Ooste. Hy staan aan die hoof van 50 professionele mense wat meer as \$1,6 miljard se bates hanteer.

Deon is 'n geoktrooieerde finansiële analis en het reeds verskeie toekennings verower.



Uitdaging om te kies

Jana Meyer (P10,11) is gekies as leidster vir 2012. Sy het aan Stappie gesê dat sy opgewonde is oor die voorreg wat sy gekry het om 'n leidster vir Atlete vir Christus te wees, "veral vir al die uitdagings wat dit inhou."



Jana geniet dit duidelik om te toer

"Ek het besluit om te staan vir leidster omdat ek gevoel het ek het 'n uitdaging in my lewe nodig. Nadat ek met Madelé (die leidster vir 2011) gepraat het en sy my vertel het van die uitdagings en die ongelooflike pad wat 'n mens saam met God stap, het ek besluit dat as ek nou enige uitdaging vir myself kan kies, sal dit hierdie een wees. Ek is tog ook maar 'n bietjie bang, maar een ding wat God my gewys het, is dat Hy altyd dinge laat uitwerk soos wat dit moet. En met hierdie gedagte kan ek nie wag om te begin met al die idees en planne vir AvC 2012 nie!

Jana se pa, **Deon Meyer** (A77, 78,79), was ook by Atlete vir Christus betrokke.

Bydrae

Hier is die nodige inligting as jy 'n bydrae tot Atlete wil maak:

Atlete vir Christus
Rekening: 410 150 751
ABSA Stellenbosch
Takkode: 334 410